



**basic education**

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **DANSSTUDIES**

**BYLAE VIR:  
PRAKTISE ASSESSERINGSTAKE  
PRAKTISE EKSAMEN – VRAESTEL 2  
SKRIFTELIKE EKSAMEN – VRAESTEL 1**

**GRAAD 12**

**2020**

Hierdie bylae bestaan uit 6 bladsye.

**GRAAD 12-AANPASSINGS AAN DIE PRAKTISE ASSESSERINGSTAKE (PAT'e)****1. PAT 1: CHOREOGRAFIE**

Dit is in Kwartaal 1 voltooi:

- Skriftelik = 25 punte
- Prakties = 25 punte

**Aanpassings:** Die punte van hierdie PAT word van 50 punte tot 100 punte verhoog. Die gewigstoekenning van die komponente in die PAT mag nie aangepas word nie en die punteverwerking in **BYLAE A** moet gebruik word.

**2. PAT 2: GROEPSDANS – VERWYDER**

Dit sou in Kwartaal 2 óf Kwartaal 3 voltooi word:

- Skriftelik = 25 punte
- Prakties = 25 punte

Hierdie PAT 2 word as gevolg van sosiale afstandhouding verwijder -- GEEN groepwerk NIE. Die skriftelike inhoud word nie in die finale NSS Vraestel 1 skriftelike eksamen ingesluit nie.

**3. MODERERING VAN PAT**

Moderering in Dansstudies sluit interne moderering deur die skool in, sowel as eksterne moderering van aangesig tot aangesig en groepmoderering ('cluster moderation').

**Alle praktiese assessoringsstake (PAT'e) moet verfilm word en vir eksterne moderering beskikbaar gestel word.**

**Die DBE Jaarlikse Onderrigplanne (JOP),** aangepas vir Ná-Covid-19, moet saam met hierdie dokument gebruik word om die PAT- en Praktiese Eksamensprosesse te rig.

**BYLAE A****PAT 1: CHOREOGRAFIE-NASIENINSTRUMENT – Verwerking van puntetoekenning**

GRAAD 12 GEWYSIGDE PUNTE VIR PAT 1: CHOREOGRAFIE VOLTOOI IN KWARTAAL 1 – 2020	MAKS. PUNT	LEERDER-NAME				
<b>SKRIFTELIKE WERK IN JOERNAAL (3–5 bladsye)</b>						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Navorsing/Ondersoek</li> <li>• Gebruik van improvisasie (analise/abstraksie)</li> <li>• Gebruik van danselemente</li> <li>• Keuse en gebruik van musiek/begeleiding</li> <li>• Keuse van opvoerruimte – redes</li> <li>• Gebruik van choreografiese strukture</li> <li>• Besinning oor hoe die groep gewerk het</li> <li>• Selfbesinning</li> <li>• Beplanning van produksie-elemente</li> </ul>	15					
<b>VERWERK PUNT VAN 15 TOT 30 PUNTE</b>	30					
<b>EEN-BLADSY-PROGRAMNOTA</b>						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sinopsis/bedoeling/idee/tema</li> <li>• Inligting</li> <li>• Uitleg op een bladsy</li> </ul>	10					
<b>VERWERK PUNT VAN 10 TOT 20 PUNTE</b>	20					
<b>SUBTOTAAL</b>	25					
<b>VERWERK SUBTOTAAL VAN 25 TOT 50 PUNTE</b>	50					
<b>PROSES GEDURENDE KLAS – ONTWIKKELING VAN PAT</b>						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Toegewydheid, deelname en bydrae</li> <li>• Improvisasie toon kritiese denke en eksperimentering relevant tot die gekose tema</li> <li>• Spanwerk, samewerking en probleemoplossing (mense- en tydsbestuursvaardighede)</li> <li>• Leierskaps- en organisatoriese vaardighede</li> <li>• Veilige danspraktyk tydens repetisies</li> </ul>	15					
<b>VERWERK PUNT VAN 15 TOT 30 PUNTE</b>	30					
<b>FINALE DANSWERK</b>						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kreatiewe bedoeling/idee/storie</li> <li>• Choreografiese strukture en danselemente</li> <li>• Bewegingswoordeskat</li> <li>• Dansgehalte</li> </ul>	10					
<b>VERWERK PUNT VAN 10 TOT 20 PUNTE</b>	20					
<b>SUBTOTAAL</b>	25					
<b>VERWERK SUBTOTAAL VAN 25 TOT 50 PUNTE</b>	50					
<b>TOTAAL</b>	50					
<b>VERWERK TOTAAL VAN 50 TOT 100 PUNTE</b>	100					

**GRAAD 12-AANPASSINGS AAN VRAESTEL 2-OPVOERINGSEKSAMENFORMAAT –  
KWARTAAL 3 PROEFEKSAMEN EN KWARTAAL 4 NSS-EINDEKSAMEN**

Tydsberekening van Eksterne Eksamen	WYSIGINGS AAN KOMPONENT Ná-Covid-19	WYSIGINGS AAN BENADERDE TYD	PUNTE
Klaswerk	Klaswerk word vervang met 'n solo van 1–2 minute wat die hoogste vlak van <b>tegniese kompleksiteit</b> toon waartoe die kandidaat in staat is.	1–2 minute	50
Solo	Solo-eksamen	1–2 minute	30
Improvisasie	Solo-eksamen – slegs solo-improvisasies (GEEN groepwerk NIE)	2 minute voorbereidingstyd 1 minuut opvoeringstyd	20
Nasientyd		3 minute	
<b>TOTAAL</b>		10 minute	<b>100</b>

**PRESTASIEVLAKBESKRYWERS**

<b>VLAK 7: UITSTEKEND</b>	
95–100%	<b>Gevorderde begrip en bemeesterung van tegniek</b> , opvoering en interpretasie van bewegings. Meer as die skoolvereistes – die leerder het 'n gevorderde ervaring van opvoering en 'n hoogs ontwikkelde bewegingsomvang (verskeidenheid van bewegings) en vaardighede.
90–94%	<b>Gevorderde begrip en bemeesterung van tegniek</b> . Uitstekende dansgehalte. Baie betrokke by alle aspekte van die werk. 'n Groot bewegingsomvang word deurgaans gevestig en gedemonstreer.
85–89%	<b>Tegniek is deurgaans goed gevestig</b> . Opvoering en interpretasie van bewegings getoon met betekenis en begrip van die bedoeling. Toon spesiale dansgehalte en 'n groot bewegingsomvang. Baie selfversekerd en goed voorbereid op alle terreine van die eksamen met aandag aan detail.
80–84%	<b>Tegniek gevestig en verstaan</b> . Opvoering en interpretasie van bewegings getoon met begrip van die bedoeling. Toon dansgehalte en goeie bewegingsomvang. Het baie hard gewerk om hierdie vlak op skool te bereik. Goed voorbereid op alle terreine van die eksamen met aandag aan detail.
<b>Improvisasie:</b> Verbeeldingryk, interpreteer en kan eie interpretasie van 'n stimulus, situasie, bewegings, musiek op die plek kreatief oordra, neem risiko's, eksperimentering sigbaar.	
<b>VLAK 6: VERDIENSTELIK</b>	
75–79%	<b>Tegniek gevestig</b> . Die leerder het duidelik hard gewerk om dit te vestig. Tree met selfvertroue en fokus op. Het die beste gedoen binne sy/haar fisiese beperkinge en toon 'n bewegingsomvang. Toon vermoë. Al die aspekte van die eksamen is goed bestuur – aandag aan detail.
70–74%	<b>Tegniek toon begrip</b> . Tree met selfvertroue op. Het na die beste van sy/haar vermoë gewerk en toon 'n bewegingsomvang. Alle aspekte van die eksamen is met moeite aangebied.
<b>Improvisasie:</b> Verbeeldingryke, individuele interpretasie is gepoog, interpreteer 'n stimulus, situasie, bewegings, musiek met kreatiwiteit.	
<b>VLAK 5: BEDUIDEND/SUBSTANSIEEL</b>	
65–69%	<b>Tegniek op sommige plekke gevestig</b> . Ken werk en bied dit sonder foute aan – selfversekerde en gevestigde opvoering word op sommige plekke getoon. 'n Bewegingsomvang word gedemonstreer, maar is op sommige plekke beperk.
60–64%	<b>Tegniek op 'n basiese vlak gevestig</b> . Tree met selfvertroue sonder foute op. Bewegingsomvang is beperk. Doen moeite met alle werk en fokus daarop.
<b>Improvisasie:</b> Verbeeldingryke, individuele interpretasie is gepoog, interpreteer 'n stimulus, situasie, bewegings, musiek met kreatiwiteit.	

<b>VLAK 4: VOLDOENDE</b>	
<b>55–59%</b>	<b>Tegniek op 'n basiese vlak gevestig.</b> Opvoering toon selfvertroue op sommige plekke. 'n Mate van bewegingsomvang en moeite getoon.
<b>50–54%</b>	<b>Tegniek is nie altyd sigbaar nie.</b> Opvoering toon selfvertroue op sommige plekke. Beperkte bewegingsomvang, maar 'n poging is aangewend.
<b>Improvisasie:</b> Sukkel om 'n stimulus, situasie, bewegings en musiek op die plek te interpreteer.	
<b>VLAK 3: GEMIDDELD</b>	
<b>45–49%</b>	<b>Tegniek en opvoering is minimaal, maar toon 'n mate van selfvertroue op sommige plekke.</b> Werk is redelik bekend. Beperkte bewegingsomvang en moeite getoon.
<b>40–44%</b>	<b>Tegniek is swak en die opvoering is minimaal, maar werk is bekend.</b> Beperkte bewegingsomvang en moeite op sommige plekke getoon.
<b>Improvisasie:</b> Sukkel om 'n stimulus, situasie, bewegings en musiek op die plek te interpreteer.	
<b>VLAK 2: ELEMENTER</b>	
<b>35–39%</b>	<b>Tegniek en opvoering ontbreek.</b> Die leerder ken sy/haar werk en voer op met minimale selfvertroue en inkonsekwente moeite. Beperkte bewegingsomvang.
<b>30–34%</b>	<b>Tegniek en opvoering nie sigbaar nie.</b> Leerder ken die meeste van sy/haar werk. Geen bewegingsomvang nie, beperk in alle aspekte van dans. Minimale moeite gedoen.
<b>Improvisasie:</b> Kan nie op die plek betekenis aan 'n stimulus, situasie, bewegings en musiek gee nie.	
<b>VLAK 1: NIE BEREIK NIE</b>	
<b>20–29%</b>	<b>Ken nie die werk nie</b> en alle elemente van die eksamen toon 'n gebrek aan voorbereiding. Tegniek is nie deurgaans gevestig nie, kom opvoering kort en het geen bewegingsomvang nie.
<b>1–19%</b>	<b>Geen bewys van drie jaar se voorbereiding nie.</b> Ken die werk deurgaans nie. Klaswerk-/solo- en improvisasievaardighede is minimaal. Geen begrip van die dansbeginsels nie. Geen selfvertroue nie en geen opvoering word getoon nie.
<b>Improvisasie:</b> Het nie aan die vereistes van hierdie vak voldoen nie.	

**NSS GRAAD 12-INSTRUMENT VIR PRAKTISE EKSAMEN – 2020 (Ná-Covid-19)**

<b>NAAM VAN SKOOL:</b> <b>NAAM VAN ONDERWYSER:</b> <b>DATUM VAN EKSAMEN:</b> <b>KANDIDAATEKSAMENNOMMER:</b> <b>NASIENER:</b> <b>HANDEKENING:</b>	<b>Naam &amp; Van</b>	
<b>Voorbereide solodans: Tegniese opvoering</b>		
Onthou van solo	10	
Komponente van fiksheid (bv. koördinasie, beheer, krag, balans, bewegingsomvang)	10	
Vlak van kompleksiteit (bv. vinnige veranderinge van rigting of vlak, kontras, gevorderde woordeskat)	10	
Beginsels van die dansvorm en danstegniek	20	
<b>Subtotaal</b>	<b>50</b>	
<b>Voorbereide solodans: Dansgehalte en dansvaardighede</b>		
Geskikte begin en einde en verpersoonliking van die solo met 'n eie, unieke styl, aandag aan detail	10	
Bewegingskwaliteit (oorgange, vloeï, toewyding, energie, dinamika)	10	
Opvoering (uitdrukking, interpretasie, selfvertroue, fokus, teenwoordigheid, projeksie, verbintenis tot beweging)	5	
Musikaliteit en uiteenlopende dinamika	5	
<b>Subtotaal</b>	<b>30</b>	
<b>Improvisasie as 'n solo</b>		
Struktuur: begin, einde; kreatiewe gebruik van ruimte	5	
Interpreteer stimulus: verbeelding, kreatiwiteit, innoverend, neem risiko's	5	
Toegewyd, energiek, gefokus, selfversekerd	5	
Reaksie op musiek	5	
<b>Subtotaal</b>	<b>20</b>	
<b>TOTAAL</b>	<b>100</b>	
<b>2<sup>DE</sup> NASIENER</b>	<b>100</b>	
<b>FINALE PUNT</b>	<b>100</b>	

**AANPASSINGS AAN GRAAD 12 SKRIFTELIKE EKSAMEN – VRAESTEL 1:**

- Alle inhoud sal dieselfde bly.
- Slegs EEN voorgeskrewe danswerk en choreograaf moet bestudeer word. Dit kan internasionaal of Suid-Afrikaans wees.